Hi Hendrik,

Baie dankie vir al jou moeite om hierdie dagstap te reel. Hier is wat ek ervaar, gesien en gevoel het:

Dit was 'n pragtige rit vanaf Worcester tot die hek van die mooi Dwarsberg Kampterrein in Rawsonville. 16 van ons het 07h00 ontmoet om verder saam op te ry na die Stettynskloof dam, hoog in die berge. Hierdie dam voorsien Worcester van sy water en ons kon al die dik pype sien wat vanaf die dam daar bo tot onder loop. Dit was die eerste keer dat ek die Stettynskloofdam gesien het, wat lekker vol water was.

Ons het vandaar af begin stap en die paadjie was goed getrap. Ek het gewonder wie al die moeite gedoen het om hierdie lang wandelpad in die berg uit te kerf. Daar was 'n paar styl opdrande en afdrande en die stap-pas was van die begin af taamlik vinnig. Ons het af en toe gerus by mooi riviere, wat welkom was, want die son het teen laat oggend begin brand. Na 'n paar uur se stap, het ons by die plek uitgekom waar die wrakstukke van die Avro Shackleton MR.3 op 8 Augustus 1963 neergestort het. Oorals het 55 jaar se geroeste vliegtuig parte gelê het. Ek het hartseer gevoel oor die 13 mense wat daar gesterf het.

Daarna moes ons 'n bietjie bundu-bashing doen om uit te kom by ons middagete se plek by 'n lieflike waterval en groot dam.

Na hierdie ruskansie het ons teruggekeer na die motors.

Teen hierdie tyd was die die pas te vinnig vir my en my energie was laag, veral in die hitte wat ek skat in die hoë 30's was. Die son het my nek en arms erg gebrand. Ek was dankbaar aan 2 ander stadiger stappers wat my vergesel het toe ek begin agter val, asook Helen en JB wat my aangemoedig het. Ons was so 16h30 terug by ons motors, met omtrent 16km agter die rug. Dit was 'n wonderlike dag uit in die natuur, met baie goeie oefening. Maar of dit 'n maklike stap was of nie, hang af van jou ouderdom!

Vriendelike groete,

Dalene.